NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

16 November 2018
Nr 38/2018

Warm nuus!

Grondonteiening

By die onlangse SDR vergadering het *Regter Antonie Gildenhuys* (oud-regter in die Grondeise Hof en eiendomsreg-kenner) die vergadering toegespreek oor grondonteiening. **Aangeheg** is ‘n kort opsomming van sy voordrag.

Sinodenuus

Bybel-lees met ‘n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:

- ***20 November*** – Skriflesing: Joh 18:33-37

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Sinodale werk

‘n Vriendelike versoek aan predikante en ander persone betrokke by sinodale werk om asseblief so spoedig moontlik na ‘n vergadering vir reiskoste by *Sandra* [sandra@noordsin.co.za] of *Naomi* [naomi@noordsin.co.za] te eis. Eise sal ongelukkig nie ná die finansiële jaarafsluiting op ***28 Febr 2019*** gehanteer kan word nie.

Kolleganuus

Ons innige simpatie

Deon (GJW) Joubert (emeritus en vroeër leraar by Potgietersrus-Oos - 1966-1993) is verlede Sondag oorlede.

Siekte

Frikkie van Niekerk van Lusaka is met kanker gediagnoseer en is tans in Bloemfontein vir behandeling. Hy het in dié tyd ook ‘n beroep na Die Strand ontvang.

❖ Afskeid

- **Francois Naudé** [Rietfontein-Noord] se afskeid vind op ***25 November*** om 09:00 plaas waartydens hy ook sy afskeidspreek gaan lewer. Hy het die beroep na Ladismith, in die Kaap aanvaar.
- **Rykie Marx** [Waterkloof] se afskeid vind op ***25 November*** om 09:00 plaas. Sy lewer dan ook haar afskeidspreek. Haar man Dawie het 'n beurs vir verdere studie in die VSA ontvang.

❖ Beroep ontvang

Bernice Serfontein (prop) is na **Waterkloof** beroep.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

18/11 Cois Pretorius [Emeritus, 082 654 9111, coisp@telkomsa.net]
22/11 Hennie Hoepfner [Albertyn, 083 320 1882, henniehoepfner308@gmail.com]
23/11 Christo J van Vuuren [Sesmylspruit, 082 853 1139, christovvu@gmail.com]
24/11 Paul Grobler [Sinodehuis, 082 653 5734, paul@noordsin.co.za]
Stéphan Strydom [Dalunie, 082 946 2331, sjstrydom@smilax.co.za]
Pieter Conradie [Emeritus, 083 417 5559]

****

18/11 Mari Kirkpatrick [Suidoos-Pretoria, 012-460 8810, james@stellastraat.co.za]
24/11 San Horn [Pietersburg, 015 296 1772, matiehorn@webmail.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Wonderpark [Gestig: 18/11/1989]
Pietersburg-Noord [Gestig: 18/11/1950]
Sesmylspruit [Gestig: 19/11/1965]
Môregloed [Gestig: 20/11/1958]
Eldoraigne [Gestig: 21/11/1971]

❖ Mootvallei: *Met ander woorde* deur Lizz Meiring - Voorvertoning: Mootvallei kunstenaars

Datum: ***23 November***
Koste: R120 [dit sluit die vertoning plus ligte verversings/ete in] – R60 vir kinders onder 13 en bo 8
Navrae: Kerkkantoor 012-335 0611

❖ Rustenburg-Proteapark: vakature – Jeugwerker

NG Proteapark is opsoek na 'n energieke en dinamiese persoon wat saam met die Kerkraad nuut kan dink en die Jeugbediening kan lei en ontwikkel.

Opsomming van posbeskrywing: Die oorhoofse doel van die pos is om behulpsaam te wees met die totale geestelike versorging en bediening van die jeug om NG Proteapark se visie te help realiseer. Die pos werk in samewerking met en ter ondersteuning van die jeugleraar. Daar word van die posisie verwag om by alle aspekte van die geestelike bediening van die jeug en aksies vir die jeug betrokke te raak, bydrae te lewer en behulpsaam te wees. Onder jeug verstaan ons die kleuters, kinders en tieners van ons gemeente.

- Volledige posbeskrywing beskikbaar op aanvraag.
- Aansoeke kan gestuur word na ngppark@mweb.co.za
- Vir meer inligting kontak Ds *Deon Strauss* by 014 533 4028 / 083 627 5085.

Sluitingsdatum vir aansoeke: ***23 November***

Ander nuus

❖ Biddag vir Boere

Die Hoëveld Sinode reël op ***18 November*** 'n **Biddag vir Boeregemeenskappe**. Hulle het gevra dat ons dit ook onder ons gemeentes se aandag bring. Lees die inhoud **hier**.

❖ **Adoramus-diens: Sentrum vir Spirituele Begeleiding (Ring van Suidoos-Pretoria)**

Willem Nicol skryf die volgende: "Die doel van die diens is dat die bywoners self, eerstehands ervaar wat die HERE vir hulle deur 'n Skrifgedeelte wil sê. Ons volg die internasionale leesrooster, die *Revised Common Lectionary*.
Musiek, gepaste liedere, poësie, 10 minute stilte en 'n maandelikse eenvoudige Nagmaal help ons om die Skrifgedeelte en die tema van die aand te ervaar. Dikwels is daar 'n kort toeligting op die Skrifgedeelte, maar daar is nie 'n preek nie.
Die diens vind elke Sondagaand van die jaar plaas.
Tyd: 17:50 vir 18:00.
Plek: Stellastraatgemeente se kapel, h/v Olivier- en Stellastraat, Brooklyn."

❖ **Excelsus uitnodiging: Eendag-werkswinkel**

Aangebied deur *Dr Henry Eagleton* in samewerking met Excelsus. Die beste strategie om 2019 slaggereed en energiek te betree:
Tema: ***Sweef soos 'n arend*: Inleiding tot spirituele wysheid/intelligensie**
Datum: ***22 November*** (9:00-16:00)
Waar: NG Kerk Stellastraat (Suidoos-Pretoria), H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Koste: R 780-00 per persoon (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)
VBO: 6 punte
RSVP: Voor of op Maandag *19 November* (**Kliek hier** vir die inskrywingsvorm)

❖ **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)**

Arina Jooste (Uitvoerende beampte) doen hiermee 'n spesiale beroep aan ons dameslesers om betrokke te raak by die insituut se vele projekte om so 'n verskil in minderbevoorregte kinders se lewe te maak. [**Lees hier verder**…]
Navrae: tel 012 362 0660 of toibo@imaginet.co.za.

❖ **Nuusbriewe**

Bybel-Media-nuus

In die week se nuusbrief lees ons meer oor die Kerkbode van 9 November, die Desember/Januarie uitgawe van LiG en die jongste Bybelkor-publikasies…

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus

Die Afrikaanse Week van Gebed 2019 is nou op CLF se webtuiste beskikbaar onder Resources (https://clf.co.za/christian-resources/).
Die tema is "*Die priesterskap van Christus se kerk in 'n tyd soos hierdie*". Die Bybel se klem op die priesterlike funksie van diens en offer wil gemeentes herinner daaraan dat Christus sy kerk na die wêreld stuur om die wonderlike boodskap van God se heerskappy en verlossing te verkondig.
Om hierdie missionale roeping geloofsgetrou uit te voer, moet elke gelowige en elke gemeente van Christus die oog deurentyd op Jesus Christus hou. Hy is ons uitnemende Hoëpriester. Daarvoor het ons mekaar se gebede en ondersteuning nodig.
Daarom moedig ons mekaar aan om die praktyk van die Week van Gebed voort te sit en by die getuienisse van die Bybelskrywer te leer hoe ons in 2019 vir mekaar en die wêreld kan bid.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing

Kontak hulle by 021 864 3707 of besoek hulle webtuiste by www.clf.co.za

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Biddag vir Beskermingsdienste [***18 November***].

- Droogte en die huidige hittegolf.
- Almal wat tans eksamen skryf.
- Zimbabwe.

Proponente en ander vakatures

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
    Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

  - **Gelegitimeerde proponente 2017**
    Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
    Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]

  - **Gelegitimeerde proponent 2018**
    Stian Bloem [083 443 5993, stianab@gmail.com]
    Freddie de Lange [freddiedelange@yahoo.com]
    Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
    Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
    Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
    Marco Koch [073 428 2709, marco2koch@gmail.com]
    Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
    Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
    Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
    Willem Smit [084 281 1115, wilansmit@gmail.com]
    Lourens van Deventer [072 040 7378, lourensvd3@gmail.com]
    Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
  Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
  Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
  Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir kort aflosgeleenthede]*

Ten slotte



BYLAES

GRONDONTEIENING
Breë oorsig deur Regter Antonie Gildenhuys

Regter Antonie Gildenhuys het tydens die SDR-vergadering van 26 Oktober ‘n breë oorsig oor grondonteiening gegee. As ‘n uitgangspunt het hy gemeld dat as ‘n openbare noodsaak beteken dat jy jou grond moet prysgee vir bv. ‘n pad of ‘n skool, moet die hele gemeenskap die las dra en nie net die persoon wie se grond gevat is nie. Dit is eintlik ‘n balanseringsoefening: Aan die een kant van die skaal is die behoefte van die gemeenskap om grond te kry en aan die ander kant geld die belange van die persoon wat die grond moet prysgee, en dit moet balanseer. Hierdie beginsel is ook in ons Grondwet opgeneem (Artikel 25). Eiendom mag slegs onteien word in die openbare belang en onderworpe aan vergoeding onder bepaalde voorwaardes.

Die vraag ontstaan hoe kan grond dan sonder vergoeding onteien word. Daar is verskeie standpunte hieroor. Die een is dat die Grondwet gewysig moet word. ‘n Ander een stel dit dat dit nie nodig is om die Grondwet te wysig nie en onteiening kan onder bepaalde omstandighede gedoen word. Regter Gildenhuys het die voorbeeld genoem dat ‘n woonstelgebou wat deur die eienaars afstand gedoen is en deur plakkers beset word, onteien kan word. Artikel 36 van die Grondwet maak dit wél moontlik. As die belange van die samelewing dit verg om sonder vergoeding te onteien, kan bepalings in Artikel 25 geïgnoreer word. Maar regter Gildenhuys sê dit gebeur slegs in ‘n uitsonderlike gevalle.

Onteiening sonder vergoeding word ook wêreldwyd slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat. Die skrywers van die nuwe wetsontwerp oor onteiening in Suid-Afrika het ‘n lys van sulke uitsonderlike gevalle saamgestel. Dié lys sluit ondermeer verlate geboue, ongebruikte grond, kommersiële eiendom wat onproduktief is, ongebruikte eiendom van die staat (bv. munisipaliteite) en plase wat deur arbeiders bewerk word met ‘n afwesige titelhouer, in.

Die vraag ontstaan hoekom grondhervorming in Suid-Afrika nodig is. Die sogenaamde regte van die koloniale moondhede om inheemse mense se regte van hulle te ontneem, is hoogs omstrede. Die argument was dat die inheemse volke so onbeskaafd was dat hulle eintlik nie regte gehad nie. Daardie belediging sit nog baie vlak.
'n Paneel deskundiges oor grondhervorming het bevind dat die probleem nie 'n tekort aan geld is nie, maar onbekwame amptenare, korrupsie, kaderontplooiing en "elite-kaping". Laasgenoemde is wanneer grond aan 'n gemeenskap gegee word, die leiers alle voordele vir hulself toe eien en die onderdane kry niks.
Regter Gildenhuys het gemeld dat daar gesê word dat ons op die punt van 'n vierde industriële revolusie staan. Afgesien van die probleme met die grondverkryging, is daar ook verdere probleme. Mens kan nie verwag van iemand om suksesvol te boer as hy nie landboukundige opleiding gehad het nie. Tweedens kan dit nie verwag word dat 'n boer produktief kan boer as hy of sy nie oor die nodige fondse beskik nie.
Regter Gildenhuys het gewaarsku dat as die grondkwessie aan die een kant voortduur, gaan ons opstande kry, 50% van die jeug wat klaarmaak met skool gaan nie werk kry nie, daar sal nie geld vir behoorlike behuising wees nie, grondbesetting gaan toeneem en misdaad gaan verder uitkring. Aan die ander kant hou onteiening sonder vergoeding ook bepaalde risiko's in, soos voedseltekorte, afname in entrepeneurs, probleme met leningverkrygings, afname in werksgeleenthede en vermindering in die uitvoere van kossoorte (vrugte, suiker, wyn, ens.)
Wat staan ons te doen? Ons moet vorentoe kyk, en nie terug na die verlede nie. Die boere sê hulle het die grond gekoop, die grondeisers sê dat die grond gesteel is. Regter Gildenhuys het beklemtoon dat dit tyd is dat die waardes van die reënboognasie weer nagestreef word soos vervat in die Grondwet:
"Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep; die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem. Mag God ons mense beskerm."
Hy het afgesluit met 'n oproep om vir die Here vir 'n gesindheidsverandering in Suid-Afrika te bid, beginnende by jouself.

Terug

Biddag vir die Boeregemeenskap
18 November 2018

12 November 2018

Aan : Gemeentes in sinodale gebied, en
Sinodale Nuusbrief
NGK Sinode Hoëveld

Biddag vir Boeregemeenskap: Sondag 18 November 2018

Gemeentes in die sinodale gebied van Sinode Hoëveld word opgeroep om op **Sondag 18 November 2018** deur gebed by die Here in te tree vir ons Boeregemeenskap. Hierdie mense is dalk meer as voorheen afhanklik van die Here en die ondersteuning van medegelowiges.

Daar is talle **sake** waarvoor **ingetree** kan word, dit is:
• ***Voorbidding*** vir ***goeie Reënval*** in die huidige somer-seisoen in ons sinodale gebied en ook ander dele van ons land waar dit so nodig is.
• Voedselsekerheid
• ***Veiligheid-situasie*** op die plase
• Die vlaag van ***aanvalle*** en ***moorde***
• ***Misdaad*** en veral diefstal
• Skommelende markte en ***produktepryse*** vir die boer
• ***Finansiele probleme*** en uitdagings wat aanvaar en verwerk moet word
• ***Arbeidsprobleme, grondbesit*** en die saak van ***onteiening sonder vergoeding***

Ons kerk en lidmate word versoek om op hierdie datum **tydens die erediens en samekomste** aandag te gee en tyd in te ruim. Dit kan voortgesit word deur **volgehoue voorbidding tuis** vir hierdie saak. Gemeentes en kerke kan ook in **ekumeniese verband** saamwerk waar dit prakties moontlik is.

Groete in Christus

Samuel Louw
……
Dr SJ Louw
Voorsitter : Taakspan Landbousake

Terug

Oproep aan ons dameslesers

Transoranje *Instituut vir Buitengewone Onderwys*
Posbus 13383, HATFIELD 0028 – Tel: 012-362 0660 Epos: toibo@imaginet.co.za

Geagte mevrou

Die afgelope jaar het die Instituut werklik die resessie in ons land eerstehands ervaar. Nie net die finansiële skenkings was baie minder as die vorige boekjaar nie, maar ook die aantal skenkings van toileware, skryfbehoeftes, klerasie en nie-bederfbare voedsel het afgeneem.

Die hartseer egter is, dat die getal minderbevoorregte kinders in ons skole tot meer as 40% van die totale leerdertal toegeneem het. Een skool het 371 leerders waarvan 172 tans hulp ontvang. 71 is 100% kwytgeskeld van enige finansiële verpligtinge, 55 is gedeeltelik kwytgeskeld en 46 se ouers het geen inkomste nie.

Bo en behalwe **Projek Sonskyn** wat jaarliks R800 000 toeken aan die skole, bestuur ons ook kleiner projekte om ‘n verskil in kinders se lewe te maak. Dit is met hierdie kleiner projekte waarmee ons u hulp dringend nodig het.

- **Projek Skoolskoen**: 201 kinders is reeds toegerus met ‘n paar nuwe skool-skoene. Dit is egter ‘n deurlopende projek waar kinders ondersteun moet word. Wenslys: Finansiële ondersteuning.
- **Projek Volmagie**: Baie kinders kom met ‘n leë magie skool toe. Hulle kan nie konsentreer nie en die skool help deur ten minste een ete per dag te verskaf. Wenslys: Nie-bederfbare voedsel.
- **Projek Warmlyfie**: Kinders kom in die winter sonder warmklere skool toe. Wenslys: Warm truie of ‘n windjekker en handskoene kan ‘n reuse verskil maak.
- **Projek Prinses**: Ons het weer twee dogters van Sonitusskool se matriekafskeid geborg.
- **Projek Waardigheid:** Kinders se ouers kan nie bekostig om die nodige skryfbehoeftes aan te koop nie. Verder is dit ons koshuisleerders wat sukkel omdat hulle nie die nodigste toiletware het nie. Wenslys: Toiletware en skryfbehoeftes.
- **Projek Warmlyfie**: Kinders kom in die winter sonder warmklere skool toe. Wenslys: Warm truie of ‘n windjekker en handskoene kan ‘n reuse verskil maak.
- **Projek Volmagie**: Baie kinders kom met ‘n leë magie skool toe. Hulle kan nie konsentreer nie en die skool help deur ten minste een ete per dag te verskaf. Wenslys: Nie-bederfbare voedsel.
- **Projek Skoolskoen**: 201 kinders is reeds toegerus met ‘n paar nuwe skool-skoene. Dit is egter ‘n deurlopende projek waar kinders ondersteun moet word. Wenslys: Finansiële ondersteuning.
- **Projek Waardigheid:** Kinders se ouers kan nie bekostig om die nodige skryfbehoeftes aan te koop nie. Verder is dit ons koshuisleerders wat sukkel omdat hulle nie die nodigste toiletware het nie. Wenslys: Toiletware en skryfbehoeftes.
- **Projek Prinses**: Ons het weer twee dogters van Sonitusskool se matriekafskeid geborg

Solidariteit Helpende Hand het onderneem om ons te help met skooltasse, sanitêre ware asook voedsel vir die Graad R’s. Ons het ook ‘n skenking van Pep Stores ontvang waarmee ons weer ‘n klompie skoolskoene kon aankoop.

Dankie dat ons elke jaar kan vra vir u ondersteuning. Deur ons te ondersteun gee ons HOOP aan soveel minderbevoorregte kinders.

By voorbaat dankie!

Vriendelike groete

Arina Jooste
Uitvoerende beampte

Terug

Werkswinkel: Sweef soos ’n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie (Dr Henry Eagleton)

Stuur hierdie vorm aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of	

	gemeente	
	E-pos	
	Selnommer	

Registrasie	Fooi	**R780 (Kursusmateriaal, etes en koffie/tee ingesluit)**
	Kursus	**Werkswinkel: Sweef soos 'n arend: Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie**
	Kursusdatum	**22 November 2018 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria (Stellastraat)** **H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**19 November 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug